**Is jy 'n lewende getuigskrif van God?      Omgeegroepe      16-22 Aug 2015**

**1. Lief en leed –** Deel met mekaar die lief en leed van die afgelope paar weke asook wat jou Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd –** Ons leef elke oomblik in God se stille teenwoordigheid. Raak rustig en stil en besef dat die Almagtige by jou is en dat jy/julle die voorreg het om met vrymoedigheid tot Hom te nader. Sê in stil gebed vir Hom dankie net vir die voorreg om met Hom in 'n verhouding te mag staan.

**3. Luister na God se Woord -** Lees nou 2 Korintiërs 3:1-6 eers in stilte deur. Maak beurte in die groep om dit afwisselend hardop deur te lees. Watter vers/gedagte tref jou die meeste? Doen moeite om die Here in julle gebede te dank vir sy Goddelike Woord. Gesels dan oor die Woord van die Here. Wat beteken dit vir jou om God se Woord te kan lees en watter verskil sou dit gemaak het as ons nie God se Woord gehad het om te lees nie?

**4. Luister na mekaar en die wêreld** – Deel met mekaar oor hoe jy God se Woord sien. Watter woorde of beelde sal jy gebruik om God se Woord aan iemand te verduidelik? Gesels in die groep oor hoe julle dink mense na die Bybel kyk en hoe mense dink die Bybel verstaan moet word? Is daar net een manier of baie maniere? Is daar reg en verkeerd? Waar lê die grense?

**5. Luister nou weer na die Woord –** Lees nou weer 2 Korintiërs 3:1-6 asook Jesaja 55:1-3. Hoe sou julle die twee gedeeltes met mekaar verbind?

**6. Fokus op wat God doen –** Die brief wat geskryf word kom van die Here Jesus Christus. God skryf deur sy Gees op die harte van mense. Uit onsself is ons tot niks in staat nie, maar Hy sy Woord en worde aan ons toe om lewende briewe te gaan wees vir Hom!

**7. Antwoord met ons lewe -** Ons het nie net die voorreg om God se Woord te lees nie, maar ook om draers daarvan te wees! Draers van Hoop! Ons bekwaamheid en diensbaarheid kom van God! En dit vra gehoorsaamheid en getuienis van ons. Ons as gelowiges is getuigskrifte van Jesus die Verlosser, en die Heilige Gees skryf deur ons lewens op die harte en lewens van ander mense!  Dit beteken dat **ons nie net God se Woord moet lees nie, maar ook moet leef**!!! Ons het die voorreg en roeping om Bybels aan ander mense te kan gee asook om "Bybels" vir ander te wees! Ons is aanbevelingsbriewe van God aan ander mense. Gesels oor hoe ons dit kan doen en gaan doen dit!

**8. Bid nou saam**

- Loof die Here vir die voorreg om sy Woord te kan lees en leef!
- Vra Hom om ons oë oop te maak vir geleenthede om sy Woord te kan deel.
- Bid vir die mense in die gebedsbrief of waarvan jy weet wat siek of hartseer is.
- Bid vir alle instansies waarvan julle weet wat God se Woord uitdra, bv. die **Gideons**, Bybelwa, Bybelgenootskap en ons gemeente hier en in Petra en Mosambiek
- Bid dat elkeen van ons ware aanbevelingsbriewe van God se Woord/e sal wees!

**9. Administrasie** Reël julle diensbeurte en die volgende byeenkoms.